


# ST. ALBERT DIE GROTE

15 NOVEMBER

(ca. 1206-1280)



Hierdie biskop en Kerkleraar het as leergierige jongman by die Dominikane aangesluit. Hy verdiep homself eweveel in die natuurwetenskappe as in die teologie en is beskou as een van die geleerdste mense van sy tyd. Hy begin die ondersoek na die ooreenkomste tussen die filosofie van die antieke Griekse wysgeer, Aristoteles, en die teologie en baan daarmee die weg vir 'n baie belangrike intellektuele rigting in die Kerk. In 1260 word hy benoem tot biskop van Regensburg, maar kort daarna keer hy terug na sy geliefde studies. Hy woon in 1274 die Kerk Konsilie van Lyons by. Hy was 'n briljante en oorspronklike denker wat sy fenomenale intellek in diens van sy diep geloof gestel het.